# DIE REPUBLIEK EN DIE ONDERWYS.

Op die vooraand van die republiekwording van Suid-Afrika leef daar by ons groot verwagtinge oor die toekoms, nie in die sin dat daarmee al die landsprobleme oornag sal verdwyn nie, maar wel só dat ons alle hoop het om deur nog groter inspanning met die nuwe begin die wêreld suksesvol die hoof te bied.

Op onderwysgebied betree ons die Republiek op 'n gelukkige en gunstige tydstip, nie omdat alles daarin foutloos is nie, maar omdat die onderwysontwikkelingspad tans in 'n stadium met groot moontlikhede verkeer. Daar sal op hierdie terrein, net soos op al die ander van die volkslewe, geen abrupte omkeer plaasvind nie — rewolusionêre veranderinge is ook nie nodig nie — maar hopelik langsaam 'n koersverandering intree wat ons nader aan ons eie sal bring, soos ons ook hoop wat ons staatkundige status betref. Die onderwysstelsel van elke land lê met duisend bande gebind in die geskiedenis, tradisie, kultuur, godsdiens van daardie volk, en net soos hierdie dinge nêrens breuke in die stroom van ontwikkeling kan hê om voordelig te wees nie, kan daar in die onderwys ook maar hoogstens versnellings, kronkelinge wees, dog die koers moet dieselfde bly, nl. die pad van die volk wat verskil van die van elke ander nasie ter wêreld. En op die huidige tydstip staan ons sonder twyfel by so 'n versnelling, geen skielike invoer van nuwe dinge om die bestaande haastig te omvorm nie, maar 'n praktykverandering om in nuwe behoeftes te voorsien ooreenkomstig die gehuldigde beginsels van ons volk.

In hierdie verband mag nie uit die oog verloor word nie dat daar vir jare al — sedert die begin van die 19e eeu — elemente in ons onderwys ingedra is wat gedurige ontevredenheid vanuit een of ander hoek meegebring het. Party van hierdie proteste het gegaan oor beginsels wat versaak is soos die ouerreg, die posisie van die kerk in die onderwys, ens., ander het meer te doen

gehad met organisatoriese vraagstukke soos die sentralisasie van die onderwys, die verdeelde beheer daaroor, ens. Sedert die vyftiger jare is die pogings, veral van die kant van die kerke, verskerp om menige skadelike weg in ons onderwys reggestel te kry — tot so 'n mate dat met die jongste sessie van die Volksraad 'n wetsontwerp ter tafel gelê is vir die daarstelling van 'n onderwysraad met o.a. die taak om 'n nasionale onderwysbeleid te formuleer. Ons beleef dus inderdaad 'n gelukkige moment in ons onderwysontwikkeling wat sonder twyfel groot moontlikhede in die Republiek inhou.

Die groot vraag is dan wat gaan hierdie koers wees? Gaan daar met die ou stelsel voortgegaan word wat in menige opsig nie in lyn met die beginsels van ons volk lê nie, sodat omvorming net beperk sal word tot die ooglopende skadelike praktyke, of gaan daar deurgetas word na die grondslae waarop ons onderwys berus en gaan hulle getoets word aan die geskiedenis, tradisies en beginsels van ons volk? En hiermee kom ons onmiddellik voor die feit te staan dat ons met twee blanke volke, twee tradisies, tale, geskiedenisse, opvattinge te doen het, met die vraag hoe hieraan reg moet geskied in die Republiek.

Laat ons dan hiermee begin.

**Dit is die stellige verwagting van** almal wat ernstig besin oor die groot stap wat ons land wil doen — en uitstel op hierdie gebied kan in die lig van ons rassevraagstuk nie langer gedoog word nie — dat die Afrikaanssprekende en die Engelssprekende hierdeur nader aan mekaar gebring sal word, nie in die sin dat die een die ander moet absorbeer nie, maar wel só dat albei bevolkingsdele onbevange teenoor (of liewer langs) mekaar te staan sal kom. Die opgeskerp wees om in elke aksie van die ander kant 'n potensiële bedreiging vir die eie te sien, sal van nou af mettertyd verflou en hopelik aanstons verdwyn, omdat altwee se heil in hierdie land lê.

Kan die onderwys in hierdie verband 'n bydra lewer? Sonder twyfel! Dog nie langs die weg wat al meermale voorgestel en selfs geprobeer is nie, nl. deur dubbel- of parallelmediumskole. Om Afrikaanssprekende en Engelssprekende in 'n beter verhouding tot mekaar gestel te kry, is dit nie nodig om die moedertaalskool af te skaf nie, want op kunsmatige wyse — soos in die dubbel- of parallelmediumskool — laat sodanige wedersydse erkenning en waardering sig nie bewerkstellig nie. Dit lê nie op die weg van die skool om deur swak metodes dinge te bereik wat hy juis nie wil hê nie, nl. denasionalisering. In die Republiek wil ons nie hê dat óf die Afrikaanssprekende óf die Engelssprekende sy identiteit moet verloor nie, sy kultuur moet prysgee nie. Dit is tog juis een van die belangrikste funksies van die skool om kultuur voort te dra en uit te bou — hoe kan ons dan nou die teenoorgestelde daarmee wil bereik? Maar hierby kom nog dat wetenskaplike ondersoek getoon het — hier te lande en veral oorsee orals waar hierdie probleem hom voorgedoen het — dat die leerling slegs deur middel van sy moedertaal sy beste geestesprestasies kan lewer — sal ons dan nou in ons ontsettende rassestryd 'n blanke geslag,

Afrikaans- of Engelssprekend, wil kweek wat minder goed toegerus is vir die stryd om selfbehoud?

Langs hierdie weg kan die onderwys in die Republiek geen bydrae lewer nie! Die Republiek van Suid-Afrika sal die moedertaalskool verstewig tot heil van Afrikaans- en Engelssprekende bevolkingsdeel omdat dit op gesonde volks- en opvoedkundige beginsels berus.

Daar is 'n ander weg waarlangs daar kan en moet beweeg word met die onderwys om hierdie doel te dien, wat nie alleen 'n beter verhouding tussen die blankes sal skep nie maar wat ook ons onderwys wesentlik reg sal stel, en daarmee ons land as geheel ten goede sal kom. Die Republiek moet Afrikaans- en Engelssprekende in staat stel om onbevange teenoor die onderwys te staan. Daar moet na ooreenkomste op hierdie gebied gesoek word om daarvolgens te kom tot 'n stelsel wat altwee sal bevredig en wat aan elkeen die waarborg van behoud van die eie identiteit sal gee. En hierin lê die begin van 'n nasionale onderwysbeleid waarom daar al so lank vanuit verskillende oorde gevra word.

Hierdie moeilike taak kan m.i. alleen deur die voorgestelde onderwysraad van deskundiges behartig word. Om tot formulering te kan kom, sal die Afrikaanse en die Engelse onderwystradisie noukeurig bestudeer moet word om die beginsels te ontdek wat albei dra. Daar sal nie by die oppervlakte van dinge gebly kan word en gepoog word om deur middel van allerhande kompromieë almal te bevredig nie, omdat langs hierdie weg slegs sover as kunsmatige tevredenheid geslaag kan word. En wanneer daar dieper getas word na die beginsels wat die onderwys dra, sal dit blyk dat die variasie enersyds veel groter as Afrikaans-Engels is, en andersyds veel kleiner as dit, omdat in bepaalde beginsels die Afrikaanse en die Engelse tradisie op dieselfde grondslag staan — ook wat hulle onderskeie Nederlandse en Britse herkoms betref.

Die betragting van die basiese beginsels bring ons noodwendig by die skool en sy verbande; voordat daar 'n duidelike beeld bestaan oor die verhouding van die skool tot die staat, die huis, die kerk en die onderwyserskorps, is dit vrugteloos om te probeer om 'n nasionale onderwysbeleid tot aller bevrediging daar te stel. Om te praat van „ouerverantwoordelikheid" in die onderwys sonder om 'n kanaal te skep waarlangs dit werklik kan funksioneer, is speel met ernstige sake wat van tyd tot tyd in die verlede ontevredenheid veroorsaak het. Net so kan met die term „Christelik" so 'n vae, omvattende houding aangedui word dat geen Christen dit later as sodanig kan herken nie — hierdie dinge word moontlik wanneer die verkeerde differensiasiebeginsel in die onderwys ingedra word; basiese verhoudinge moet betrag word, dan word sodanige moontlikhede uitgeskakel. As ons duidelik gestel het, en vasgelê het, wat die funksie van die huis in die skool is en wat die van die Staat, die kerk en die onderwyserskorps, sal dit nie moontlik wees vir die een om die funksie van die ander oor te neem langs 'n weg van onhanteerbare wette en regulasies nie. Bv. die ouer sal dit dan

nie langer as sy reg beskou om te bepaal wat die medium van onderrig van sy kind moet wees nie, net so min as wat hy daarop sal wil staan dat hy sal bepaal hoe die skool sy kind optelsomme moet leer — want die bepaling van onderwysmedium is die taak van die deskundige, net soos wat alle metodevraagstukke sy spesialiteit is. En die staat sal dan ook nie wil bepaal wat die gees en rigting van die onderwys moet wees nie, watter vorm van Christelikheid daar in die skool die hele onderwys moet dra nie — solank dit nie staatskadend en sedebederwend is nie — omdat dit die reg van die ouer is. En so kan ons die voorbeelde vermenigvuldig om aan te toon dat ons in die verlede veelal sake sekondêr wou regstel wat primêr gesien moes gewees het. In die verbygaan kan in hierdie verband opgemerk word dat langs hierdie weg die posisie van die onderwyser wat tot dusver nie die status beklee wat sy amp meebring nie, reggestel kan word.

Met die betreding van die Republiek moet basiese begrippe en verhoudinge in die onderwys reggestel word, en hierby sal almal betrek kan word, want t.o.v. bogenoemde sake verskil die Afrikaanse en Engelse opvattinge nie wesentlik nie, as hulle maar sonder bybedoelinge benader word.

Met hierdie basiese regstelling, wat nie aan een of ander geweste oorgelaat kan word nie maar wat landswyd moet geld, sal daar aan ons onderwysstelsel 'n eie patroon gegee word wat die fondament vir 'n nasionale onderwysbeleid sal lê. In die vraagstuk van so 'n beleid gaan dit dus glad nie om sulke kleinlikhede soos die afspeel van onderwysdepartemente teen mekaar, of die opoffering van provinsiale verskeidenheid of die doodse uniformiteit van alles nie. Dit gaan om 'n veel ruimer en dieper begrip waarin die eie uit die verlede uitgesuiwer word en die nuwe wat sonder ophou in die onderwys moet inkom steeds in lyn daarmee gehou word, sodat die eie karakter nie daardeur verlore sal gaan nie. In die nasionale onderwysbeleid moet die twee bevolkingsdele en die verskillende provinsies t.o.v. die wesentlike in die onderwys saamgebind word tot heil van die Republiek, sodat alle skadelike elemente as gevolg van 'n verdeelde beheer uit die weg geruim kan word, sodat eers aan die Republiek gebou kan word en daarna aan die rasse en provinsies.

Maar in die Republiek wil ons ook geen doodse eenvormigheid op onderwysgebied hê nie. Onderwys is uit die aard van die saak dinamies en moet dit bly indien ons enigsins goeie vrugte wil bekom. Dit gaan nie hier om publieke diens soos die poswese of polisie of spoorweë wat orals op dieselfde wyse optree nie. In sy variasie sit die lewe van die onderwys, maar dan moet die variasie binne die grense van die nasionale gestel word — die verskeidenheid gee kleur aan die onderwys, soos die karakter aan die persoonlikheid — en daar moet bewustelik gearbei word aan die burger van die Republiek met 'n ras- en provinsiale kleur. Hiermee het ons 'n taak wat ons tot geen uitsondering in die wêreld maak nie.

Die republiekwording open vir ons vergesigte t.o.v. die onderwys wat roep om viriele handtering deur 'n kragtige geslag wat roepingsbewus die nuwe betree en ontvang as 'n gawe uit die hand van God. Laat ons die Republiek van Suid-Afrika ingaan met die vaste voorneme om onderwyshervorming in 'n eie stelsel te bewerkstellig wat almal wat natuurlikerwys daarby betrek is saam sal bind, elkeen volgens sy eie funksie daarin, sodat die jeug gevorm sal word tot mense van God vir elke goeie werk volkome toegerus. Hierdie langtermynbelegging sal die waarborg vir die bestendige groei en handhawing van die blankedom in Afrika wees.

H. J. J. BINGLE.

P.U. vir C.H.O.